

PONGOLA

VOORLIGTING NUUSBRIEF


Agrihub, 53 Klasie Havenga Street, Pongola
PO Box 55, Pongola, 3170
+27 83 320 9099
Etienne.DeBeer@sugar.org.za
www.sasri.org.za



Ratoen Verdwergingsiekte (RSD) in Pongola

Oor die afgelope 3 seisoene het meer as 15% van kommersiële lande wat in Pongola getoets is, positief getoets vir RSD.

RSD is 'n ekonomies belangrike siekte wat 'n **ernstige impak in opbrengs van alle variëteite** kan veroorsaak as die besmettingsvlakte hoog is, veral as riet onder stres verkeer. Hierdie nuusbrief benadruk die stappe wat geneem kan word om die risiko van RSD verspreiding, sowel as die impak van die siekte op 'n plaas te verminder.



Hoe versprei RSD?


RSD word versprei met die plant van **besmette saadriet** en deur **besmette toerusting** bv. kapmesse, skoffels, snymasjienerie (wanneer dit gebruik word om verdroogde riet terug te sny) sowel as deklaag snyers. Hoewel besmette stokke dun en verdwerg raak, het RSD nie maklik identifiseerbare simptome nie, wat dit moeilik maak om met die blote oog te identifiseer. Hierdie maak dit 'n **gevaarlike siekte** aangesien dit **per ongeluk versprei** kan word met die plant van besmette saadriet en gedurende roetine boerdery aktiwiteite in die land.



Stappe om RSD te bestuur

1. Gebruik slegs **gesertifiseerde of goedgekeurde saadriet** vir plant. Moet nie plant materiaal vanaf kommersiële lande gebruik nie.
2. Ken die RSD status van u land. RSD kan vermoed word wanneer 'n land se opbrengs nie so goed soos verwag lewer nie, of wanneer die opbrengs toenemend afneem soos die siekte versprei met elke oes. Versoek die Biosekuriteit Inspektoraat om **monsters te trek vanaf hierdie lande vir analyse**.
3. Indien RSD opgetel word, kan stappe geneem word om die verspreiding van die siekte na gesonde aangrensende lande te verhoed:
 - **Ontsmet kapmesse** (sien Grafiek 1 vir ontsmettingsmiddels en kontak periode)
 - Wanneer van een land na die ander beweeg word;
 - Aan die einde van elke dag; en
 - Belangrik om kennis te neem van die kontak periode van die ontsmettingsmiddel wat gebruik word (wat dus die effektiwiteit bepaal).
 - Waar moontlik, **oes RSD besmette lande nadat gesonde lande geoes is**.
 - Sodra die land uitgeploeg is, verseker dat die **braakkê periode** genoegsame tyd voorsien vir die doeltreffende uitroei van opslagriet. Opslagriet is 'n belangrike bron van RSD en nuut aangeplante lande sal spoediglik besmet raak indien nie verwijder. Kommerciële lande behoort 3 maande skoon te wees van enige riet opslag – hierdie proses kan tot 9 maande

duur om te bereik. Kies 'n laag groeiende dekgewas sodat opslagriet maklik geïdentifiseer en uitgeroei kan word. Hoog groeiende gewasse soos sunn hemp moet vermy word in lande wat voorheen besmet was, aangesien opslagriet dan moeilik raakgesien kan word.



Grafiek 1: Ontsmettingsmiddels vir die gebruik op plaastoerusting

Ontsmettingsmiddel	Aktiewe bestanddeel	Konsentrasie (%v/v)	Minimum kontaktyd	Plaas Toerusting	Meganiese Oesmasjienerie	Ogie snymasjien
Jeyes Fluid	Carbolic acid	10	5 min	Ja	Nie aanbeveel	Ja
Quaternary ammonium compound	Benzalkonium chloride; diidetyl dimethyl ammonium chloride	3	5 min	Ja	Ja	Ja
Methylated spirits	Methanol; ethanol; denaturant	75	10 Sek	Ja	Nee	Nee

Vir gedetailleerde riglyne oor beste praktyke, kan kwekers verwys na www.sasri.org.za/information-sheets

* Inligtingblad voldoen deur SASRI se senior plantpatoloog **Sharon McFarlane**.